

Nuusbrief 18 12 Junie 2017
 Saamgestel deur Wilna van Rooyen
 083 454 2843
 wilnav@leeuwenhof.co.za

Vadersdag 18 Junie:

“Om pa te wees is een van die belangrikste rolle wat enige man in sy lewe kan aanvaar. Pa’s wat ‘n gesonde voorbeeld vir hul kinders stel, gee aan hul kinders die grootste geskenk denkbaar, ‘n lewe wat die moeite werd is om te ag en te waardeer.” *Finesse*

“Die God wat jou kinders geskape het, sal jou gebede verhoor. Hy is immers liever vir hulle as wat jy is.” So sê James Dobson.
 Bob Talbert het gesê: “Dis goed om kinders te leer tel. Maar dis beter om hulle't te leer wát tel.” En dit is grootliks pappa se voorreg!
 Gelukkige Vadersdag aan ons pa's!

In hierdie uitgawe:

- Bl. 1** Pappas
Baie dankie
- Bl. 2** Snuitersimfonie
Juf. Leretha
Uitnodiging pappa
- Bl. 3** Belangrike datums
Click2chow
Trapkarre



Knysna:

BAIE DANKIE aan ons ouers, vir al die items wat jul by ons skool afgelaai het! Dit is wonderlik dat ons ouers se harte so oop is vir ander wat in nood verkeer. Ons waardeer ons ouers baie.

Skole wat afgebrand het:

ISASA het vir ons 'n brief geskryf oor die twee skole wat afgebrand het naby Port Elizabeth. Ons sluit die brief vir u in, indien u dalk 'n bydrae wil lewer, wat die herstel van dié skole betref.

Skool sluit 16:00 op 15 Junie:

Die skool sluit Donderdag 15 Junie om 16:00 en die busse vertrek net daarna, aangesien die Laer-skool nog rugby- en netbalwedstryde moet afhandel. Naskool begin soos gewoonlik om 16:00



Snuitersimfonie:

Op Sondag 11 Junie het die jaarlikse snuitersimfonie, wat die Laerskool aanbied plaasgevind.

Ons is darem bevoorreg om blootgestel te word aan 'n regte simfonie-orkes—en dit op ons eie terrein!

Die Laerskoolkore het pragtig gesing en die tromme, asook marimbass, het die gaste voor die tyd vermaak.

Baie geluk aan die Laerskool! Dit is voorwaar 'n geleentheid waarop mens trots kan wees!

Juf. Leretha:

Juf. Leretha is op 26 Mei getroud met André Nel. Ons wens vir hulle net die beste toe vir 'n wonderlike toekoms!

Nina Smit skryf: "n Gelukkige huwelik vereis nie net harde werk nie, maar ook 'n onselfsugtige huweliksmaat. Sorg dat jy die regte pasmaat vir jou man of vrou is en bly, deur op sy of haar behoeftes te fokus, hom of haar gelukkig te hou en hom of haar elke dag van jou liefde, bewondering en waardering te verseker."

"Sorg dat Christus se kruisliefde te alle tye die aard van jou huweliksliefde bepaal. Dit is dié liefde wat die huwelik heel en gelukkig hou." *Johan Smit*



Uitnodiging 15 Junie :

Ons nooi ons pappas om Donderdagoggend 'n koppie Milo saam met ons te drink, wanneer hul, hul kinders aflaa.

U is welkom om enige tyd van 07:00 af to 08:15 by ons aan te sluit en 'n paar minute saam met u kind deur te bring.

Ons kinders het 'n klein verrassing vir elke pappa, wat hul met groot liefde gemaak het!

Ons kinders is baie trots op hul pappas!

Belangrike datums:

- 15 Junie:** Verrassing vir ons pa's enige tyd van 07:00 tot 08:15
Skool sluit 16:00—
langnaweek. Busse ry net na 16:00
- 16 Junie:** Jeugdag
- 18 Junie:** Vadersdag
- 23 Junie:** Doi met lam besoek ons
Skool sluit 12:00 vir reses en open op Maandag 3 Julie



CLICK2CHOW: GETAL BESTELLINGS STAAN NOU OP 83

Hierdie is 'n maklike manier vir ouers om elektronies kos by ons eie snoepie te bestel. Die eerste 100 bestellings kom in aanmerking vir 'n prystrekking om R500 kontant te wen.

Click2Chow is 'n aanlyn bestelblad wat dit makliker maak om kossies te bestel. Sien hier onder die click2chow skakel wat ouers direk na die snoepie se restaurant en snoepiespyskaart toe neem. Wanneer daar 'n kosbestelling geplaas word, moet ouers duidelik aandui in die "comment" gedeelte wat die onderwyser of leerder se naam en van is, asook die klaskamer, sodat die bestelling korrek afgelewer kan word by ons skool..Hierdie is die skakel wat gebruik moet word:

<https://www.click2chow.co.za/leeuwenhofakademie>

Trapkarre 14 Junie:

Ons sê dankie aan Juf. Zuanéll wat gereël het vir trapkarre, wat by ons skool beskikbaar was vir ons maatjies.

'n Baan is vir die groter maatjies gebou op die parkeerterrein en die kleiner maatjies het van ons fietsbaan gebruik gemaak.

Die maatjies het elke oomblik geniet en soos wafferse renjaers om die bane getrap! Beslis 'n treffer!

Ons hoop elkeen geniet die langnaweek terdeë en dat ons pappas erg bederf gaan word!

Baie dankie! Vriendelike groete! Wilna van Rooyen.

